SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association
Plot 3, Mountain Drive 7 / Plot 3, 7 Mountain Drive, Derdepoort
Posbus / PO Box 1952, Montana Park, 0159
Tel: (012) 808-9300 Faks / Fax: (012) 808 9344
E-pos / Email: admin@sahunt.co.za Web: www.sahunters.co.za

Suid-Afrika se Grootste Bewaringsorganisasie - gefokus op Bewaring deur Volhoubare Benutting
South Africa's Largest Conservation Organisation - focussed on Conservation Through Sustainable Use

IGRF LIMITED BOLT ACTION RIFLE

SPORTSKIETOEFENINGE DIEN AS VAARDIGHEIDSONTWIKKELING EN KWALIFISEER NIE VIR DIE GROOT 5 TOEKENNING NIE

1) Inleiding

Die *IGRF Limited Bolt Action* dissipline is 'n goedgekeurde internasionale dissipline wat deur die IGRF goedgekeur is gedurende die 2018 AJV. Daar kan in spanverband deelgeneem word aan die skietoefening of individueel in die volgende klasse:

1.1) Junior onder 25 – 'n skut kan deelneem in die onder 25 klas vir die volle jaar van Januarie tot Desember in die jaar waarin hy/sy 25 word

1.2) Dames

1.3) Ope

2) Skietbaan veiligheidsreëls en Standaardbevele

Suid- Afrika: Gebruik die "Skietbaan veiligheidsreëls vir deelnemers" en "Standaardbevele op die skietbaan", dokument J006.35.01A vir laai, ontlaai en veiligheidsprosedures.

Internasionaal: Gebruik internasionale skietbaan veiligheidsreëls en skietbaanbevele.

3) Visiere of teleskope

Enige visier, oop visier sowel as teleskoop, mag gebruik word. Laser visiere wat op die teiken projekteer word nie toegelaat nie.

4) Wapens

Enige jaggeweer in 'n kaliber wat wettig is vir die jag van groter dierspesies in Engeland. Die minimum kaliber is .240 met 'n minimum energie van "1700 vt/lb". In Suid-Afrika is die ekwivalent die .243 kaliber en die minimum energie word bereken as die massa van die koeël in grein x trompsnelheid (vt/s) x trompsnelheid (vt/s) gedeel deur 450 400. Die energie van 'n 87 grein .243 kaliber koeël teen 2967 vt/s is bv 1700 vt/lb. Die maksimum gewig van die geweer insluitend alle vaste toebehore bv. "bi-pod", knaldemper, geweerband, teleskoop en die magasyn leeg (geen ammunisie nie) mag nie 6.5kg oorskry nie. Verstelbare kolwe (wangstuk en skopplaat) soos bv. GRS sal toegelaat word, maar die skut gaan nie toegelaat word om enige verstellings aan die kolf tussen skietposisies te maak nie – die verstellings moet voor aanvang van die skietkompetisie gemaak word en dan so gelaat word vir die volle 36 skote wat die oefening duur.

5) Oefening:

A 100m; B 200m; C 300m (36 tel-skote sonder enige proef-skote op enige afstand)

5.1) 100m Oefening van 'n vryhand staanposisie:

skiet 'n reeks van 6 skote in 4 minute gevolg deur

'n tweede 'n reeks van 6 skote in 4 minute

5.2) 200m Oefening uit 'n sitposisie, sonder enige bykomende ondersteuning:

skiet 'n reeks van 6 skote in 5 minute gevolg deur

'n tweede reeks van 6 skote in 5 minute

5.2) 300m Oefening van 'n lê posisie, met 'n "bi-pod":

'n reeks van 6 skote in 6 minute gevolg deur

'n tweede reeks van 6 skote in 6 minute

Notas: 1) Geen afrigting word toegelaat nie;

2) 'n afkoelperiode van 5 minute vir die gewere is op elke afstand tussen die 6 skoot reekse beskikbaar, indien skuts dit verlang.

6) Skietposisies en ondersteuning toegelaat (die gebruik van 'n geweerband word altyd toegelaat)

6.1) Vryhand staanposisie;

6.2) Sit posisie: elmboë wat rus op die knieë word toegelaat, sonder enige bykomende ondersteuning;

6.3 **Lê posisie**: 'n Harris tipe "bipod" voor aan die geweerkolf mag gebruik word en dit mag verwyder word wanneer dit nie gebruik word nie (belangrik: die "bi-pod" is ingesluit by die 6.5 kg gewigsbeperking van die geweer). Die geweerkolf mag vir ondersteuning agter op die grond rus of op die skut se nie snellerhand. Sandsakke vir ondersteuning en "monopods" agter aan die geweerkolf is nie toelaatbaar nie.

7) Skiethandskoene

Ligte, buigsame skiethandskoene mag gebruik word – ondersteunende handskoene word nie toegelaat nie.

8) Telling administrasie

Internasionale Sportskiet skietoefeninge kwalifiseer nie vir balkies nie

9) Teiken S05 (grootte 550 mm wyd x 685 mm hoog)